

# 'Laat staan haar!'



Elna Mouton



Marieke Brand

**T**his is not a rehearsal. This is your life!" Die aktrise hoop dat die gehoor deel sal voel van die drama, werklik meegevoer sal word, tog net nie onbetrokke sal bly nie. Dit is immers ook hulle storie wat hier voor hulle oë afspeel.

## Ryk en ingewikkelde verhaal

Die ryk dog ingewikkelde verhaal oor eeue heen van vroue in die NG Kerk-familie – jonk en oud, arm en ryk, op die platteland en in die stad – is ons almal se verhaal, of ons dit beseef of nie. So ook is die verslag oor die potensiaal van vroue in die NG Kerk aan die Algemene Sinode van Junie 2007 deel daarvan.

Die verslag bring 'n klompie merkwaardige tendense na vore. Duidelik speel die Bybel 'n sentrale rol in die lewe van verreweg die meeste respondente op die vraelys. "Die Bybel is vir vroue die belangrikste bron van lering en die ankerpunt vir hul geestelike ervaringe".

Daarmee saam gaan die vermoë van die Bybel om die praktiese lewe van elke dag voor God se aangesig te ontsluit. Geen wonder nie dat baie aandui dat hulle uit dankbaarheid teenoor God betrokke wil wees by mense se konkrete nood soos armoede, werkloosheid en ongeletterdheid.

## Afsonderlike organisasies se ironie

Ons durf nie die verhale van vrouegroepes in die NG Kerk sedert die ontstaan van die Vrouezendingbond in 1889 en verskeie vrouehulpdienste ná die Tweede Wêreldoorlog vergeet nie. Ook durf ons nie die ironiese ondertoon in hierdie verhale miskyk nie.

Alhoewel vroue telkens op merkwaardige wyse op die nood van die tyd reageer het, binnelands en

buitelands, is dit ironies dat hulle hulleself telkens in afsonderlike organisasies of verenigings moes organiseer, sodat hulle hulleself roeping en potensiaal kon ervaar. Vir baie het dit op die lange duur veilige ruimtes geword waar hulle teen die manlik-gedomineerde etos van die kerk beskerm sou wees.

Méer ironies is dat vroue dikwels daarvan beskuldig is dat hulle 'n kerk binne 'n kerk sou vorm. Maar voordat ons verwyrt, sal ons eers wéér na die verhale van vroue in hierdie land moet luister ten einde hul hartklop te probeer verstaan, en waarom sommige dit steeds sinvol vind om mekaar in afsonderlike groepe te bedien. Laat ons nie die waarde daarvan vir hulle onderskat, of erger nog, teen hulle hou nie!

Ons almal – vroue én mans – lees vandag die Bybel in Suid-Afrika teen die agtergrond van buitengewoon komplekse tye – tye van geskeidenheid, onreg en geweld wat dikwels met die Bybel sélf geregverdig is. Maar laat ons ook eerlik (dog beskeie!) wees oor vernuwende skuiwe wat in mense se verstaan van die Bybel en in die kerke en samelewing kon plaasvind – al het dit die kerk eeue geneem om die evangelie van Jesus as bevrydend, bevestigend en helend vir almal te lees.

Toe Christenvroue in die twintigste eeu wêreldwyd vir hulle menswaardigheid begin opstaan het, het dit in baie kerke vreemd op die ore geval. Mettertyd het die atmosfeer egter begin draai, en het dit selfs polities korrek geword om hoog op te gee oor vroue se regte en belange. Dit is in hierdie soort politieke atmosfeer wat dit mode was (dalk nodig) om spesiale ondersoeke na vroue se behoeftes en hulle belange te doen.

Waar staan ons nou? Ons hoop dat ons al verder op die pad is, héélwat verder – iewers waar dit nie meer nodig is om ons waardigheid as vroue te "bewys" net omdat ons anders is nie, maar omdat dit nie meer saak maak nie; omdat ons almal in die gesagvolle teenwoordigheid van die opgewekte Here leef; omdat die vryheid en rykdom van verskeidenheid gevier word; omdat ons in 'n ruimte is waar almal veilig tuis kom.

## Prosesse beweeg nie oral ewe vinnig

'n Mens beseef egter dat prosesse nie oral teen dieselfde pas beweeg nie. In baie lande, dorpe, families en huise is daar nog geen vordering met die posisie van vroue gemaak nie, en het vroue geen regte of

keuses nie. In ander situasies is daar erkenning vir wat ons vroue nog altyd geweet het – dat mans en vroue mekaar vierkant in die oë kan kyk, wetende dat ons verskil, en dat ons daarin kan roem sonder om op mekaar neer te sien.

Daar het al heelwat formele veranderinge in die kerk gekom. Eers het die hoede gewaai. Toe skuif vroue in die diakenbanke in. Nou klim hulle op die kansel. En vandat vroue die eerste keer as bedienaars van die Woord in die NG Kerk gelegitimeer is (1990), klim die getalle vrouestudente by die teologiese fakulteite in Suid-Afrika konstant. Amper 'n derde van Stellenbosch se voorgraadse teologiese studente op die oomblik is vroue! Dit is nog net mense se denke wat van vooroordeel bevry moet word ...

### **Miskien die vraelys die misterie van menswees?**

Hoewel ons op elke gebied in tye van diversifisering leef, gaan die navorsing oor vroue se besondere behoeftes tog met 'n soort ongemak gepaard, asof hulle 'n vreemde spesie is.

Word dieselfde vrae ook aan mans gevra? Miskien sou ons gemakliker wees met 'n méér omvattende vraelys – een, as dit dan moet, vir álmal. Of dalk liever géén vraelys nie. Want iets daarvan misken die diepe misterie van menswees en van kerkwees – 'n misterie wat sê dat elke individu se geartheid, situasie en behoeftes anders is; wat sê dat elke gemeente se aard, omgewing, lidmate en spesifieke behoeftes anders is; wat sê dat elke leier se sterkpunte anders is; en wat sê dat die interaksie, die verhoudings tussen die verskillende komponente van 'n geloofs-gemeenskap, uniek is.

Die wese van die kerk is om God, mekaar en ons medemens met die rykdom van God se liefde en genade te bedien. Diensbaarheid impliseer om mense in hulle nood te ontmoet. As ons dit waarlik doen, sal dit nie saak maak of gelowiges gereelde bidure of Bybelstudies wil hou, iets aan armoede wil doen, gemeentes wil lei, en hulle soggens, smiddags of saans bymekaar wil kom, of hulle God wil loof en aanbid, of diep teologies wil besin nie. Ons sal noodwendig 'n manier vind om met sulke behoeftes te werk – dit is immers die aard van die kerk en van gelowiges se roeping.

### **Die blye nuus van geloof!**

Jesus van Nasaret se egte deernis gee mense se waardigheid aan hulle terug, en bevestig hulle dade met "Laat staan haar" (Joh 12:7). Daarom bely ons in

hierdie konteks opnuut ons geloof in 'n onbeskryflik wonderbare God wat mense uit alle geslagte en tale roep om méns te wees, in vryheid en vreugde. Ons doen dit na aanleiding van 'n eie verwerking van Wilhelm Jordaan se Blye Nuus van Geloof:

Ek glo in 'n Ouer-God wat Liefde en Warmhartigheid is wat ons gevorm het uit stof en vul met sy Gees sodat gewone mense soos ons – soos GóD – kan liefhê sonder vrees.  
Ek glo in hierdie God wat geopenbaar is in Jesus Christus, die Mens wat tussen ons kom woon het – Waarheid en Lig!

Ek glo in Jesus Christus - die Mens na God se hart, wat gekies het om deur die haat en klein begrip van mense 'n doringkroon te dra, en van God geskei te word in die verlatenheid van Golgota, wat die doderyk deurgrond het, en daaruit ópgewek is sodat ons onvervreem van God, verby die dood ewig vry kan lewe.  
Ek glo in hierdie Jesus wat as HEER opgevaar het na die hemel, wat in liefde en trou my naam en adres ewiglik voor God onthou.

Ek glo in die Heilige Gees – die Wind van God wat oor die leegheid van my lewe waai en my ingewande – soos God se moederhart – in beroering bring oor die onsêbare sugte van hulle wat my pad kruis.

Ek glo aan die kerk wat uit Christus groei tot nuwe skepping om alle mense met geregtigheid, liefde en hoop te verbind aan die Ryk van God se Kind; Ek glo aan die gemeenskap van stukkende sondaars wat kniel voor die heiligheid van God;  
Ek glo aan God se vergiffenis wat die sterkste helende krag in die wêreld is.

Ek glo aan die ewige lewe, wat hier begin en ná die dood hierdie belydenis – hierdie blye nuus – sal blý sing.

*\* Marieke Brand, voormalige joernalis by Die Burger, Beeld en Sarie, is tans persoonlike assistent vir die dekaan van die Fakulteit Teologie op Stellenbosch. Elna Mouton is 'n Nuwe Testament-teoloog en dekaan van die Fakulteit Teologie op Stellenbosch. Sy is die eerste vrou in die NG Kerk wat dié pos beklee.*